

## Leersame VKB Uitstappie vir Vrede-boere

'n Groep boere van Vrede, wat almal gebruik maak van Equalizer-implimente, het op Sondag 8 Maart afgevlug na Kaapstad vir 'n twee-dag lange toer.

Die Equalizer, by THEEBO TECH fabriek wat in Brackenfell se industriële gebied in Kaapstad geleë is, het onlangs vir VKB genader om 'n groep jong boere na die fabriek te neem.

Theebo Tech is die alreën ontwikkelaar en vervaardiger van Equalizer

Implimente in Suid Afrika. Hulle produkte bestaan uit Min-Till Presisie SL Planters, die "Wide Span™" Presisie C Planters en die Min-Till lugdruk saaiers.

Volgens mnr Theo Roux, Heelgoedere Bemarker by VKB Vrede is hulle positief oor die kwaliteit produk wat deur Equalizer vervaardig word en gaan VKB Vrede voortaan die plaaslike verskaffer van hierdie produk wees.

Die boere het die toer baie leersaam gevind en dit

baie geniet. Die Diemersdal-wynplaas in Durbanville-distrik is onder meer besoek en dit was indrukwekkend om die vyftien soorte wyn wat op die plaas vervaardig word, te sien (en te proe).

Die Vrystaters het ook weggelê aan die heerlike vars seekos in Kaapstad se restaurante. Uiteindelik was almal dankbaar om weer veilig tuis te wees. (Een van die boere, wat deur 'n huiskat aangeval is, glo meer as die ander!)



## Memel -boere op plaas aangeval

Mnr en mev Jaco en Bessie Maritz (38 en 36 jr) en hul kinders Maret (7) en Ryno (6) van die plaas Eksteen in Memel-distrik het Sondagoggend 15 Maart met hul terugkeer van die kerk (tussen 11:00 en 12:00) met skok gesien hoe ses gewapende mans agter struik in hul tuin te voorskyn kom.

Die egpaar en hul kinders is in die huis ingedwing waar hul in 'n kamer vasgebind is. Die booswigte het vuurwapens, selfone, juwele en ander eiendom van die Maritz gesteel en met mev Maritz se Toyota-bakkie op die vlug geslaan. Mev Maritz het daarin geslaag om haarself te bevry en het na hul Landcruiser in die skuur gehardloop en hulp per radio ontbied.

Boere in Vrede-distrik het onmiddellik op die noodroep gereageer en plaaspaaie in die gebied begin toesit. Die aanvallers het in die rigting van Vrede gevlug en halfpad na Vrede by 'n Stop-ry punt, die Toyota-bakkie gelaat, in 'n blou Toyota Rumnex gespring en teruggejaag verby Memel in die rigting van Newcastle. 'n Oplettende motoris by die Stop-ry punt het vir boere van die verdagte voorval vertel. Verdere padblokkades is opgestel. Die aanvallers het verbouereerd geraak toe hul beseef dat boere in die hele gebied besig was om hul te soek en het omgedraai en teen 'n hoë snelheid weer in die rigting van Memel gejaag. By een van die padblokkades wat in die dorp opgestel is, is hul voorgekeer. Geweerskote het geklap en vier van die aanvallers is vasgetrek. Twee het te voet ontsnap. Die aanvallers is deur die polisie in hegtenis geneem. Boere met helikopters het die omgewing gefynkam.

Die Maritz-gesin is ongedeerd.

*Die Vrede boere saam met borge van links agter is mnr Jaco van Dyk, Stephan Fourie, Louw Deale, Atwick Viljoen, Neels Greyling, Frans Kruger, DC Portwig en Willie Theron. Voor van links is mnr Theo Roux, Danie Portwig, Pienaar Botha, Ruan Jonas en Gideon Schreuder (eienaar)*

## Redaksie

### Redakteur:

Sandra Dreyer  
082 852 6739  
sandradyer@  
vodamail.co.za

### Advertensie

### Bestuurder:

Marlize Viljoen  
082 829 2433

Fax: 086 660 4387

smeviljoen@gmail.com

### Uitleg en Ontwerp:

Janine Odendaal  
083 655 9677  
sevenoaks@  
zippnorth.co.za



**WORD DEEL VAN 'N WENSPAN**

**Raadslid:**

**nie 'n beroep nie, maar 'n roeping!**

- Maak 'n verskil in jou gemeenskap
- Staar op teen onregverdigheid, korrupsie en diskriminasie
- Staar op vir jou waardes

**Doen aansoek om as kandidaat vir die VF Plus**

**in die 2016-munisipale verkiesing te staan.**

*VF Plus raadslede los munisipale probleme op, staan op vir Christelike waardes en staan op teen onregverdigheid.*

Kontak: [vrystaat@vfplus.org.za](mailto:vrystaat@vfplus.org.za) / 051-407 1104



[www.facebook.com/VFplus](https://www.facebook.com/VFplus)



@VFPlus

[www.vfplus.org.za](http://www.vfplus.org.za)

